Base Camp lê daar iewers . . .'n Klomp Bloemfonteiners het verlede maand 'n 14 dae lange trek na Everest se Base Camp in die Himalaja aangepak. Hulle het sowat 150 km gestap van Katmandoe tot Base Camp en terug, te midde van die geweld in Nepal weens mense se ontevredenheid met die koningshuis.
Foto: JANETHA VAN NIEKERK

SA ekspedisie amper op Everest se piek

Terwyl Suid-Afrikaners bibber, het twee van hul landgenote van die warm weer op Everest gebruik gemaak om nader aan die wêreld se hoogste piek te klim.

Sean Disney (34) en Vaughan de la Harpe (49) beplan om môreoggend vroeg die hoogste bergspits ter wêreld te bereik, nadat hulle die naweek meer as 1 000 m teen Everest uitgeklim het.

Die mooi weer wat nou heers, is van die seldsame tydperke waarin bergklimmers net voor die moesonwinde Everest kan aanpak.

Volgens die webtuiste www.everestsa2006.co.za het Disney en De la Harpe beplan om Kamp III (7 450 m) vroeg gisteroggend te verlaat op pad na Kamp IV (7 950 m).

Indien alles volgens plan verloop, is hulle teen sonop môre op die dak van die wêreld.

Goeie weer word vir die res van die week voorspel.

Dit word geskat dat minstens 300 bergklimmers die bergspits van Everest vanjaar sal bereik, terwyl die berg net in dié maand reeds twee bergklimmers se lewens geëis het.

– Cobus Coetzee